higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

FINANSIËLE BESTUUR
NKR VLAK 2

(3011012)

15 Maart 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye en 1 antwoordblad.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Toon AL jou berekeninge sodat punte toegeken kan word.
5. Gebruik 'n pen met slegs BLOU of SWART ink.
6. Rond die bedrae af tot TWEE desimale plekke.
7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Kies 'n item/woord uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–N) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Rekeningkundige boeke wat vir die eerste inskrywings van transaksies gebruik word	A	kleinkasbewys
1.1.2	'n Joernaal wat gebruik word om die onderneming se terugsendings aan sy verskaffers te boekstaaf	B	balansstaat
1.1.3	'n Dokument met breedvoerige inligting oor die kleinkasbetalings wat 'n onderneming gemaak het	C	onttrekkings
1.1.4	'n Bankrekening vir individue om rente te verdien en besparing aan te moedig	D	BTW
1.1.5	Die opsomming van 'n onderneming se finansiële posisie op 'n spesifieke datum	E	krediteurekortings-joernaal
1.1.6	Die bank moet die persoon wat 'n tjek vir betaling aanbied, betaal	F	brekasies
1.1.7	Wanneer geld uit 'n bankrekening onttrek word en die banksaldo onder nul is	G	oortrokkebankrekening
1.1.8	Voorraad wat beskadig is	H	debiteurekortings-joernaal
1.1.9	'n Dokument wat bewys dat geld by die bank gedeponeer is	I	hulpjoernale
1.1.10	Die onderneming wat die tjek uitreik	J	depositostrokie
		K	spaarrekening
		L	begunstigde
		M	trekker
		N	krimping

(10 × 1) (10)

1.2 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) neer.

1.2.1 (Kleinkas/Los kontant) is 'n som geld wat as kleingeld in 'n onderneming gebruik word.

1.2.2 BTW is 'n betaling aan die SAID en sal 'n (positiewe/negatiewe) invloed op wins uitoefen.

1.2.3 (Winsvooruitskatting/Winsmotief) is 'n raming van die onderneming se toekomstige winste.

1.2.4 Die (proefbalans/balansstaat) word voorberei op grond van die totale en saldo's in die algemene grootboek.

1.2.5 'n (Debietnota/Kredietnota) is 'n dokument wat 'n onderneming aan 'n verskaffer uitreik waarop aangedui word dat die verskaffer se rekening verminder is.

1.2.6 (Winste/Dividende) is betalings wat aan 'n maatskappy se aandeelhouers gemaak word.

1.2.7 Die geld wat aan 'n onderneming se dag-tot-dag-werksaamhede bestee word, word (onverwagse uitgawes/bedryfsuitgawes) genoem.

1.2.8 (Versekeringsdeposito's/Versekeringspremies) word aan 'n versekeringsmaatskappy betaal om die waarde van goedere in geval van diefstal of skade te dek.

1.2.9 (Bruto wins/Teruggehoue inkomste) is 'n onderneming se inkomste ná die betaling van rente, belasting en dividende.

1.2.10 Vars vrugte en groente is (belastingvrygestelde/nulkoers-) artikels.

(10 × 1) (10)
[20]

VRAAG 2

2.1 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord(e) in te vul. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.10) neer.

2.1.1 'n ... Dokument word as die vernaamste bron van inligting gebruik, op grond waarvan 'n transaksie geboekstaaf word.

2.1.2 ... word bereken deur 'n onderneming se bedryfsuitgawes van die bruto inkomste af te trek.

2.1.3 Die verskil tussen omset en koste van verkope is ...

2.1.4 ... is die geld wat die eienaar gebruik om met 'n onderneming te begin.

2.1.5 'n ... is 'n tjek wat die betaler vir 'n datum in die toekoms uitskryf.

2.1.6 'n ... is 'n persoon of onderneming by wie 'n ander onderneming goedere op krediet koop.

2.1.7 ... voorraad is voorraad wat aan die einde van die produklewensiklus daarvan is en waarskynlik nie verkoop sal word nie omdat dit verouderd is.

2.1.8 'n Persoon wat oor die hele rekeningkundige funksie in 'n onderneming toesig hou, is die ...

2.1.9 'n ... tjek is 'n tjek waarop die persoon aan wie dit uitgemaak is, iemand anders se naam op die keersy daarvan geskryf het sodat die persoon die geldwaarde van die tjek kan ontvang.

2.1.10 ... sluit transaksies in waarop die werklike invloei en uitvloei van kontant getoon word.

(10 × 1) (10)

Kopiereg voorbehou

2.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (2.2.1–2.2.10) neer.

2.2.1 Sodra kontant ontvang word, bly die duplikaatkwitansie in die onderneming om die transaksie te boekstaaf.

2.2.2 Bedryfskapitaal sluit 'n onderneming se voertuie in.

2.2.3 'n Onderneming reik die oorspronklike faktuur aan sy klante uit wanneer hy goedere op krediet verkoop.

2.2.4 'n Handelskorting wat 'n onderneming ontvang het, het 'n styging in die kosprys van die goedere tot gevolg.

2.2.5 Elke rekening in die algemene grootboek het 'n debietkant en 'n kredietkant.

2.2.6 'n Kantoorrekenaar is 'n voorbeeld van 'n niebedryfsbate.

2.2.7 'n Mentor is 'n persoon wie se werk dit is om 'n onderneming se finansiële sake te bestuur.

2.2.8 Bankkoste is 'n voorbeeld van 'n bedryfsuitgawe.

2.2.9 BTW op bruin brood word teen 14% gehef.

2.2.10 Laste is 'n onderneming se verpligtinge of skuld.

(10 × 1) (10)

2.3 Gee EEN woord/term vir elkeen van die volgende beskrywings deur 'n woord/term uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommer (2.3.1–2.3.10) neer.

ondernemer; BTW; kredietkaart; sakeplan; lopende rekening; inkomstestaat; periodiekevoorraadstelsel; bankteller; kosprys; EFO; inkomstebelasting; stoporder

2.3.1 'n Indirekte belasting wat op goedere en dienste gehef word

2.3.2 'n Onderneming wat by die SAID geregistreer is om BTW te betaal

2.3.3 'n Opsomming van 'n onderneming se finansiële prestasie tydens 'n rekeningkundige tydperk

2.3.4 Die dokument waarin die onderneming se doelwitte en finansiële strategie uiteengesit word

2.3.5 Stel 'n persoon in staat om vir goedere en dienste te betaal sonder om kontant uit te haal

Kopiereg voorbehou

2.3.6 'n Instruksie wat aan die bank gegee word om 'n reeks vooruitgedateerde betalings aan 'n bepaalde persoon of onderneming te maak

2.3.7 'n Voorraadstelsel wat die koste van verkope aan die einde van die finansiële tydperk bepaal nadat 'n fisiese voorraadopname gedoen is

2.3.8 Die elektroniese oorplasing van geld van een bankrekening na 'n ander deur middel van 'n rekenaargebaseerde stelsel

2.3.9 Die prys wat 'n kleinhandelaar vir 'n artikel betaal

2.3.10 'n Persoon by 'n bank wat geld ontvang en uitbetaal

(10 × 1) (10)
[30]

TOTAAL VIR AFDELING A: 50

NCEAD

AFDELING B

VRAAG 3

3.1 Twee vriende, Peter en Pan, begin met 'n onderneming genaamd P&P Traders. Hulle beskik oor geen besigheidservaring nie en versoek jou om hulle met bepaalde finansiële sake by te staan.

Bestudeer die bankstaat hier onder vir die eerste maand van besigheid en beantwoord die vrae wat daarna volg.

ABSA BANK
BANKSTAAT

P&P Traders
White Ribbonstraat 29
Delmas
2210

Staatnr.: 01
Rekeningnr.: 03103883
Datum: 30 Junie 201

DATUM	BESONDERHEDE	DEBITEER	KREDITEER	SALDO
01/06/17	Saldo o/b			146 258.66
04/06/17	Dep 001		13 450.00	159 708.66
09/06/17	Tjek nr. 101	1 485.22		158 223.44
13/06/17	Tjek nr. 108	789.12		157 434.32
18/06/17	Diensgelde	56.25		157 378.07
21/06/17	Dep 002		21 123.00	178 501.07
23/06/17	Rente op lopende rek		156.25	??
26/06/17	Tjekboek	152.00		??
29/06/17	Debietorder: Multichoice	789.00		??

3.1.1 Watter tipe rekening het P&P Traders by Absa Bank? Gee EEN rede vir jou antwoord. (2)

3.1.2 Bereken die bankkoste vir Junie 2017. (2)

3.1.3 Verduidelik die debietordertransaksie op 29 Junie 2017 kortliks. (2)

3.1.4 Bereken die banksaldo op 30 Junie 2017. Toon AL jou bewerkinge. (4)

3.1.5 Is die saldo wat in VRAAG 3.1.4 hier bo bereken is, gunstig of ongunstig? Gee EEN rede vir jou antwoord. (2)

3.1.6 Het die onderneming rente op 23 Junie 2017 betaal of ontvang? (1)

3.1.7 In watter finansiële staat word die rente, wat hier bo in VRAAG 3.1.6 genoem is, geboekstaaf? (1)

3.1.8 Bereken die totale waarde van die tjeks wat in Junie vir betaling aangebied is. (2)

Kopiereg voorbehou

3.1.9 Bereken die totale waarde van die deposito's vir Junie 2017. (2)

3.1.10 In watter hulpjoernaal word die deposito's geboekstaaf? (1)

3.2 Identifiseer die hulpjoernaal en 'n brondokument vir elkeen van die transaksies wat hier onder genoem word. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (3.2.1–3.2.10) neer.

TRANSAKSIE	HULPJOERNAAL	BRONDOKUMENT
Kredietverkope van voorraad	3.2.1	3.2.2
Terugsending van voorraad aan verskaffers	3.2.3	3.2.4
Betalings per tjek gemaak	3.2.5	3.2.6
Klein kontantbetalings gemaak	3.2.7	3.2.8
Kredietaankope van voorraad	3.2.9	3.2.10

(10)

3.3 Noem DRIE afdelings van die kontantvloeistaat. (3)

3.4 Stel TWEE maniere voor waarop P&P Traders sy bates in die onderneming kan bestuur. (2)

3.5 Omskryf die volgende terme kortliks en gee 'n voorbeeld van elkeen:

3.5.1 Niebedryfsbates

3.5.2 Bedryfslaste

3.5.3 Bedryfsbates

(3 × 2) (6)

[40]

VRAAG 4

4.1 Silver Moon Enterprises koop goedere vir R2 700 (BTW uitgesluit) by sy verskaffer. Hy verkoop die goedere vir R4 617 (BTW ingesluit) aan Bontle Traders.

4.1.1 Bereken die inset-BTW vir Silver Moon Enterprises. (2)

4.1.2 Bereken die uitsetbelasting wat by Bontle Traders ingevorder moet word. (2)

4.1.3 Bereken die bedrag wat Silver Moon Enterprises aan die SAID moet betaal of van die SAID moet terugontvang. Dui duidelik aan of die bedrag betaalbaar of terugbetaalbaar is. (3)

4.1.4 Bontle Traders stuur 5% van die goedere terug aangesien dit beskadig is. Bereken die waarde van hierdie terugsending. (2)

4.2 P&P Traders koop handelsware vir R59 500, BTW ingesluit, op 15 Junie 2017 by Macro Suppliers. Macro Suppliers staan 'n 7.5%-korting toe aan alle klante wat binne 30 dae vanaf die faktuurdatum betaal.

4.2.1 Hoeveel gaan P&P Traders spaar as hy hierdie faktuur op 20 Junie 2017 vereffen? (2)

4.2.2 Bereken die bedrag betaalbaar ná die korting. (2)

4.2.3 Wat is die laaste datum waarop P&P Traders hierdie faktuur moet vereffen om vir die 7.5%-korting te kwalifiseer? (1)

4.3 Noem TWEE voordele daarvan om elektroniese toerusting te gebruik. (2)

4.4 Noem EEN manier waarop 'n onderneming vir BTW-doeleindes kan registreer. (1)

4.5 Gee EEN voorbeeld van elkeen:

4.5.1 BTW-vrygestelde item

4.5.2 BTW-standaarditem

4.5.3 'n BTW-nulkoersitem

(3 × 1) (3)
[20]

VRAAG 5

5.1 P&P Traders ontvang geld van sy klante in die vorm van tjeks, munte en banknote. Help Peter Plum om die depositostrokie vir die volgende bedrae op jou ANTWOORDBLAD (hierby aangeheg) in te vul:

Kontant ontvang:

Note	R66 450.00
Munte	R3.70

Tjeks ontvang:

TREKKER	BANK	TAKKODE	BEDRAG
1. N Nkosi	ABSA	004620	R2 784.60
2. B Bertrami	Standard Bank	052544	R11 005.00

Bykomende inligting

Rekeningnommer: 014785236 Datum: 31 Julie 2017
Gedeponeer deur: Peter Plum Verwysingsnr.: DEP001
Tel.: 013 258 9632 (11)

5.2 Gee EEN rede dat dit belangrik is om 'n kwitansie uit te reik aan 'n persoon wat kontant aan 'n onderneming betaal. (1)

5.3 Noem TWEE kleinkasstelsels wat ondernemings kan gebruik. (2)

5.4 Bestudeer die tjek hier onder wat P&P Traders uitgereik het en beantwoord die vrae wat volg.

ABSA
Marshallstraat 22
DELMAS
2210

Nr.: 13 Datum: 17 Junie ~~2016~~2017

Pay/Betaal: Agri Delmas

Amount/Bedrag: Vyftienduisend tweenhonderd en twee-en-veertig rand alleenlik

R 15 240.00

P&P Traders

5.4.1 Gee DRIE redes waarom die bank kan weier om hierdie tjek te wissel. (3)

5.4.2 Identifiseer die trekker, begunstigde en nemer op die tjek. (3)
[20]

VRAAG 6

6.1 Berei P&P Traders se inkomstestaat vir die jaar geëindig 31 Augustus 2017 aan die hand van die inligting hier onder voor.

Verkope	520 000
Koste van verkope	160 000
Rente ontvang	5 000
Huurgeld ontvang	15 000
Diverse uitgawes	48 000
Skryfbehoeftes	550
Versekering	8 000
Salarisse en lone	120 000
Water en elektrisiteit	60 000

(12)

6.2 Noem EEN metode wat 'n onderneming kan gebruik om voorraadkrimping te verminder. (1)

6.3 'n Uittreksel uit Pathudi BK se inkomstestaat verskyn hier onder. Die eienaar wil hê dat jy, as boekhouer, enkele ontbrekende syfers moet verklaar.

	R
Verdienste voor rente en belasting	6.3.1
Rente betaal	15 000
Verdienste ná rente en voor belasting	340 000
Belasting van 25%	6.3.2
Verdienste ná belasting	6.3.3

6.3.1 Bereken die verdienste voor belasting en rente. (3)

6.3.2 Bereken die belasting wat die onderneming moet betaal. (2)

6.3.3 Bereken die verdienste ná belasting. (2)
[20]

TOTAAL VIR AFDELING B: 100
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou

ANTWOORDBLAD

EKSAMENNOMMER | | | | | | | | | | | | | |

SENTRUMNOMMER | | | | | | | | | | | |

VRAAG 2.2

ABSA
DELMAS
DEPOSITOSTROKIE

Krediteer: _____ **Datum:** _____

BANK-STEMPEL	**Betaal deur:** _____ **Handtekening:** _____ **Tel.:** _____		**R**	**c**
		Note		
		Munte		
		MO/PW en PO		
		Subtotaal		
Trekker se naam	**Bank**	**Taknaam/-kode**		
		Totaal		
Rekening-nommer		**Verwysing**		

(11)

Kopiereg voorbehou